

JUNIE: God se vernuwingswerk deur die Heilige Gees

Dinsdag **25 Junie**

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:22 – 5:5

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:22-25, 5:1 (AFR83/2020)

Leef die nuwe lewe: Volg die Here se voorbeeld

Ons begin met 'n kort reeks van drie dagstukkies wat gaan oor die “nuwe lewe wat ons in Christus” het en hoe ons hierdie nuwe lewe moet leef (Ef. 4:22-24).

Die eerste drie hoofstukke van Efesiërs het vir ons gewys dat die Here ons uit genade, sonder ons werke gered het “om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef” (Ef. 2:10). Nou, in die laaste drie hoofstukke van die brief, word die praktyk van hierdie nuwe lewe met sy goeie werke vir ons uitgepak. Die vernuwende werk van die Heilige Gees moet deurslag vind in ons lewe.

Daar is heelwat praktiese sake wat die apostel aanspreek – kom ons raak net enkeles aan in ons Skrifgedeelte:

- Ons ou lewe was 'n lewe van leuens. Noudat ons die nuwe lewe leef, moet ons ons lewens leegmaak van ieder en elke leuen en vul met die waarheid. Veral dan moet ons as gelowiges ons onderlinge eenheid bewaar deur die waarheid met mekaar te praat (Ef. 4:25).
- Ook sondige woede moet uit ons nuwe lewe gewis word. Daar is tye wanneer dit geregverdig en selfs goed is om kwaad te word. Die regte woede is daar om vuur en vlam die eer van God, reg en geregtigheid op aarde te herstel. Ons moet egter baie versigtig wees met woede en vinnig daarmee afreken en sondige woede (gebore uit selfsug) moet geheel en al geen houvas in ons vind nie (Ef. 4:26).
- Ons nuwe lewe behels ook dat ons in alle eerlikheid moet werk om sover dit vir ons moontlik is, in selfstandigheid onself te onderhou. Ons moet ook werk met die oog op ons medegelowiges en ons naaste, sodat ons vir hulle van ons verdienste kan uitdeel. Diefstal hoort tuis by die ou mens, maar nie in die nuwe lewe in Christus nie (Ef. 4:28).

In alles kom dit daarop neer dat ons die Here se voorbeeld volg (Ef. 5:1), sodat ons ons lewe as offer in liefde gee vir die Here en vir ons naaste (Rom. 12:1, 2). So breek ons met die ou mens en leef ons die nuwe lewe in Christus!

Sing: Skrifberyming 27(12-2):1-5

Ds. GM (Marnix) Boersema (Graaff Reinet)